

**Titel: Oogsalf**  
**Pastoor: Jaco Coetzee**  
**Datum: 22 Augustus 2010**  
**Tyd: 09h30**



### **Rom 8:28-29**

<sup>28</sup> En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. <sup>29</sup> Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.

### **2 Kor 3:18**

En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.

### **2 Cor 3:18 (amp)**

And all of us, as with unveiled face, [because we] continued to behold [in the Word of God] as in a mirror the glory of the Lord, are constantly being transfigured into His very own image...

### **Joh 1:1, 14**

<sup>1</sup> In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. <sup>14</sup> En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

### **Joh 20:1-8**

<sup>1</sup> En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. <sup>2</sup> Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie. <sup>3</sup> Toe gaan Petrus en die ander dissipel uit en kom by die graf. gekom... <sup>5</sup> En terwyl hy (johannes) neerbuk, sien hy die doeke lê; maar hy het nie ingegaan nie. <sup>6</sup> Toe kom Simon Petrus agter hom aan en gaan in die graf en sien die doeke lê; <sup>7</sup> en die doek wat op sy hoof was, sien hy nie by die doeke lê nie, maar opgerol op een plek afsonderlik. <sup>8</sup> Daarop het ook die ander dissipel wat eerste by die graf gekom het, ingegaan, en hy het gesien en geglo.

### **Efes 5:1-2**

<sup>1</sup> Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; <sup>2</sup> en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

### **Fill 2:5-8**

<sup>5</sup> Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. <sup>6</sup> Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, <sup>7</sup> maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; <sup>8</sup> en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

### **Joh 6:40**

En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

### Oben 3:14 - 20

<sup>14</sup> En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: <sup>15</sup> Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!<sup>16</sup> Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.<sup>17</sup> Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. <sup>18</sup> Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien... <sup>20</sup> Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.